
**MPO AANWYSER 9/18 Augustus 2020**

**POSITIEWE MARKVERWIKKELINGS DUI OP VEERKRAGTIGE PRODUSENTEPRYSE**

Die jongste statistiek rakende die produksieprysindekse (PPI) van onverwerkte melk en suiwelprodukte en die verbruikersprysindeks (VPI) van melk, kaas en eiers gee ’n sterk pryssein dat kleinhandelspryse enersyds beduidend gestyg het in die eerste ses maande van 2020 en dat die prys van onverwerkte melk (boerprys) andersyds steeds teen ’n stadiger tempo toegeneem het sedert Augustus 2017, vergeleke met die sekondêre en tersiêre bedrywe (grafiek 1). Inderdaad is die produsenteprys vir onverwerkte melk in Junie 2020 op dieselfde vlak as in Augustus 2017. Die produsenteprys vir onverwerkte melk probeer nog die heeltyd die ander twee indekse inhaal.

Daar is dus geen rede vir produsentepryse van onverwerkte melk om nou te daal nie. Die ander twee indekse het voldoende gestyg om die produsenteprys vir melk te ondersteun. Melkboere moet egter seker maak dat hulle binne die kontrakvolumes presteer en nie meer melk as per kontrak aan die mark lewer nie. Om volumes te jaag eindig gewoonlik by ’n laer kapitaalopbrengs en is ’n selfvervullende profesie.

**Grafiek 1:** PPI vir onverwerkte melk en suiwelprodukte en die VPI vir melk, kaas en eiers.




Bron: Statistiek SA

Die handhawing van huidige produsentepryse word verder toegelig deur die styging in die waardes van kleinhandelsverkope van suiwelprodukte oor die eerste ses maande van 2020, vergeleke met die ooreenstemmende tyd in 2019 (tabel 1). Die kleinhandel het daarin geslaag om sowel die prysvlakke as die volumeverkope van die meeste suiwelprodukte soos gemonitor deur AC Nielsen te verhoog.

Dié persentasies is dus die gekombineerde effek van verhoogde volumeverkope en die styging in die prys van die produk. Wat die prestasie meer uniek maak, is dat dit grotendeels tydens die grendeltydperk gebeur het. Voorts het die kleinhandel daarin geslaag om prysstygings te beperk tot tussen 0,6% (jogurt) en 8,4% (roomkaas) in Junie 2020 vergeleke met Junie 2019. Langlewemelk het in dieselfde tydperk met 7,8% gestyg.

**Tabel 1:** Randwaardes van kleinhandelsverkope

| **Produk** | **Jan '19 – Jun'19 R (000'000)** | **Jan'20 – Jun'20 R (000'000)** | **% styging in die waarde van verkope** |
|---|---|---|---|
| Langlewemelk | 3 132 | 3 693 | +18% |
| Vars melk | 1 764 | 1 717 | -3% |
| Gegeurde melk | 396 | 377 | -5% |
| Jogurt | 2 810 | 3 193 | +14% |
| Maas | 1 160 | 1 337 | +15% |
| Vooraf verpakte kaas | 1 750 | 2 107 | +20% |
| Roomkaas | 208 | 231 | +11% |
| Botter | 555 | 636 | +15% |
| Room | 398 | 470 | +18% |

Bron: Nielsen, verskaf deur SAMPRO met berekeninge deur die MPO.

AC Nielsen Bemarking en Media verskaf inligting gebaseer op maandelikse opnames van kleinhandelsverkope van melk en suiwelprodukte. Groothandelsverkope en industriële verkope, wat 'n noemenswaardige deel vorm van die totale suiwelverkope, word egter nie deur die opname gedek nie.

Die opname vir langlewemelk, gegeurde melk, jogurt, maas en vooraf verpakte kaas word gedoen onder die volgende tipes verkoopspunte:

- "Hypermarkets" en "supermarkets" soos Shoprite, Checkers, Pick 'n Pay Supers, Pick 'n Pay Family, Superspar en Woolworths (Voedsel);
- "Convenience stores" ("Branded Superettes" soos Kwikspar, OK Foods, Sentra, Pick 'n Pay mini, Score, Friendly, Shield ("Retail"), 7-Eleven en Forecourts);
- "Urban Counter" en "Self Service"; en
- "Rural Independents".

In die geval van vars melk, room, botter en roomkaas is die opname beperk tot "major stores", bedoelende "hypermarkets" en "supermarkets".

Uit bogenoemde is dit duidelik dat alhoewel die opname nie alle produkte dek nie, dit insiggewend is met betrekking tot wat in die suiwelmark gebeur. Dit is egter so dat sekere suiwelprodukverkope feitlik tot stilstand gekom het gedurende die grendeltydperk as gevolg van byvoorbeeld restaurante en kitskosondernemings wat gesluit was. Die dinamika in die waardeketting was egter gesofistikeerd genoeg om die vloei van onverwerkte melk te kanaliseer na produkte wat juis in die grendeltyd hoër verbruikersvraag ervaar het.

**Opsommend**
Dit blyk uit die beskikbare statistiek dat suiwelprodukte ’n onderskeidingsplek in die verbruikersmandjie verwerf of behou het, ten spyte van moeilike sosio-ekonomiese omstandighede en vier opeenvolgende kwartale van negatiewe ekonomiese groei.

Daar is meer as een datareeks wat regverdiging bied vir die instandhouding van die huidige vlak van produsentepryse. Indien produsentepryse verlaag word, sal dit bloot wees omdat die rolspelers laer af in die waardeketting dit eensydig kan doen, want ekonomiese regverdiging is daar nie.

Natuurlik is dit belangrik dat die aanbod vanaf produsente in pas moet bly met die kontrakvolumes waarvoor die sekondêre bedryf beplan het. Indien addisionele onverwerkte melk geproduseer en rondgekarwei word, gaan dit lei tot afwaartse druk op produsentepryse.

**Bertus van Heerden, hoofekonoom, Melkprodusente-organisasie (MPO)**